TERUGVOER KERKHERENIGING HOOGLAND 1 OKT 2007

Skriflesing: Efesiërs 4

1. KONFESSIONELE BASIS

● Vir my is Belhar die grootste kwessie. Vir my is dit polities geïnspireerd. Die situasie in SA met ons waardes as blankes word dag vir dag verder afgetakel. Ons het 3 formuliere - vee die Belhar B van die tafel, en ons herenig sonder Belhar. Belhar moenie 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees.
● Die doel van Belhar is na 1994 uitgedien.
● Die Apostoliese Belydenis praat oor God en die kerk. Belhar sê baie meer hoe die kerk moet lyk en wees en nie wees nie. Ek wonder oor dit as Geloofsbelydenis.
● De "gedwonge skeiding van mense" (Belhar) is *old hat* - waar kom dit nog voor? Wat van die bevoorregting op grond van kleur. Ek kan dit nie ondersteun - dis polities gelaai.
● Dit raak onmoontlik vir 'n blanke om 'n senior betrekking by die staat te kry - dit is politiek - en dit is vir my die trant van Belhar.
● Jongmense weet nie van Belhar - kan dit tel as belydenisskrif.
● Pt 6 van die Konfessionele Basis is 'n probleem en onaanvaarbaar / gaan probleme veroorsaak.
● As ons glo ons moet een kerk wees omdat die Here en die Skrif dit sê, hoe gaan ons oor die Belhar-hekkie kom. Hoe akkommodeer ons as die beginsel van eenheid NB is?
● Is Belhar nie vir ons 'n verskoning nie? As dit nie daarvoor was nie wat sal dan vir ons die struikelblok gewees het? Gryp Belhar as verskoning, want "ek wil nie Engels praat nie". Jy hoef nie jou eie weerstand op die tafel sit nie.
● Hoe ver moet ons blankes nog buig?
● Wat sou ons as NG lidmate in kursief in die Belhar-Belydenis wou sit?
● Ook ons drie bestaande belydenisse spreek kontekste - ou kontekste - aan. Ons ken nie meer die kontekste nie.
● As belydenisskrifte gelowiges uitmekaarhou, moet ons nog belydenisskrifte hê?
● BS bind saam én verdeel.
● Belhar spel duidelik uit wat geglo en wat verwerp word - op 'n praktiese vlak van gedrag / optrede. Dit het voorskriftelike implikasies vir die model.

2. MODEL

● Taal en kultuur - vrae en implikasies
● In watter mate verpolitiseer ons die proses nie? Vroeër het ons geglo jy kan nie teen 'n swarte boks nie - dis toe ek geboks het - en nou boks ons en niks gebeur nie
● Bybelvertaling: Sal die Bybel nie herskryf word dat dit die mensdom plesier nie?
● Sal daar nie 'n magstryd / kwotastryd in 'n Algemene Kerkverband wees nie?
● Assosiasie-lidmaatskap is interessant.
● Die proses loop so stadig - moet dit so stadig loop? So omslagtig wees?
● Dit is positief dat almal nou geleentheid kry om hulself uit te spreek.

3. GESAMENTLIKTE PROJEKTE

● Wat kan die kerk doen om die proses te help? Bv om kontak te maak. Ons is so *lily-white* in ons gemeente - hoe gaan ons werk met ons weerstand en vrese? Ons kom nooit in kontak met die ander nie?

● Dit sal die moeite werd wees om meer kontak te maak, bv predikers uit ander kerke te nooi.
● Voel positief oor gesamentlike projekte.

4. VERSOENING

● As mens luister na al die stryd oor geboue, besef jy ons almal gebruik iets om die proses te rem - party geboue, party die Belhar-belydenis ens.
● Waar is die Here in die proses? Lê die Here dit op ons weg om te kyk hoe ons dit hanteer? Die Here toets ons geloof, of ons nog omgee vir ander.
● Ek wonder of God nie met ons besig is om ons te roei oor ons kerkbegrip nie. Oor wie en wat en wanneer is ons kerk. Hoe werk kerk? Is kerk net in strukture of is dit ‘n lewenswyse?
● Ons kerk het nog ‘n struktuur - kyk hoe spring ander kerke op.
● Vir my om saam met ons tuinwerker te bid - ek dink nie eers daaroor nie, doen dit net. Maar as ons oor struktuur dink dan word dit ‘n skielik ‘n groot saak en dit word *ons belange*. Dan steek ons vas.

Oor 30 tot 40 jaar gaan hierdie ding - soos Belhar - nie meer ‘n probleem wees nie.

● Is die kerk ons klub waar ons die reëls maak?
● Dan skuif ons die Here heeltemal eenkant toe.
● Wat is die impak van post-apartheid SA met regstellende aksie op die kerkherenigingsgesprek. Dit is traumaties. Die klimaat dra by tot ‘n onversoende verhouding. “Hierdie is my klub”.